

12 Junie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21
Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:20-21

Die hele Woord wys na Christus en die Gees lei ons om dit te verstaan

Jesus Christus het met krag aarde toe gekom en sal eendag weer met krag terugkom. Om hierdie boodskap te bevestig, lei die Gees vir Petrus om bewyse te gee waarom dit so is. Hy verwys na die verheerliking op die berg en sê dat hulle Jesus in al sy majesteit gesien het. Verder sê hy dat Jesus eer en heerlikheid by die Vader ontvang het. Hulle het gehoor toe die Vader sê: "Dit is my geliefde Seun oor Wie Ek My verheug." Petrus-hulle het gesien hoe Jesus verheerlik word en hulle het self die stem uit die hemel gehoor.

Hierdie is egter nie die belangrikste bewys nie. Die belangrikste bewys dat Jesus kragtig sou kom, is die boodskap van die profete. Die Ou Testament wys vooruit na Jesus Christus toe. Hy vervul die profesieë en beloftes. Die hele Skrif wys na Jesus Christus. Wys dat Hy mag het en dat God mense met Homself in Christus versoen. Die Here gee sy Woord aan ons sodat ons Jesus Christus kan leer ken en sodat ons in 'n gehoorsame, liefdevolle verhouding met Hom kan volhard, totdat Jesus weer kom.

Die Skrif kom van God af. Dit is Hy wat Homself aan ons openbaar. Daarom kan ons dit nie uit ons eie reg verstaan nie. Dit is God se Woord – en Hy moet ons lei om dit reg te verstaan. Daarom gee Hy in sy groot genade ook sy Gees aan gelowiges om te verstaan wat Hy in sy Woord aan ons openbaar en om te sien hoe die hele Woord na Jesus Christus toe wys en hoe Hy die beloftes vervul.

Word vol van die Woord. Bestudeer die hele Woord biddend. Moenie die Ou Testament as onnodig of vervelig afskiet nie – die hele Ou Testament wys vooruit na Jesus Christus!

Sing: Psalm 25:2, 7 (1936)

Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)